higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

MENSLIKE EN SOSIALE ONTWIKKELING
NKR VLAK 4

(5050104)

3 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.

266Q1N2003

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.20) in die ANTWOORDBOEK.

1.1 Die proses wat betrokke is by kritiese denke sluit in …

A strategiese beplanning.
B manipulering.
C begrip.
D versekering.

1.2 Veralgemening verwys na …

A ’n verklaring van waarheid oor alle lede van ’n groep.
B ’n stel oortuigings wat mense se gedrag lei.
C ’n stel reëls oor ’n sekere kultuur.
D heerskappy van die reg wat ’n gemeenskap beheer.

1.3 Die Vier Oop Vrae is ontwikkel deur:

A Jean Piaget
B Lev Vygotsky
C John Bowlby
D Paulo Freire

1.4 David Werner het hierdie metode gebruik om by die hoofoorsaak van ’n probleem uit te kom:

A SWOT ontleding
B Vyf Ws en ’n H
C Vier Geslote Vrae
D 'Maar Waarom'-metode

1.5 ’n Ander woord vir oortuigende of oorredende taal:

A Aanbeveling
B Retoriek
C Geldigverklaring
D Goedkeuring

1.6 Die sentrale senuweestelsel bestaan uit die ...

A sintuie en rugmurg.
B brein en neurone.
C frontale lob en breinstam.
D brein en rugmurg.

1.7 Die reuksintuig staan ook bekend as die … sintuig.

A smaak-
B olfaktoriese
C raak-
D gehoor-

1.8 ’n Mens se psigomotoriese ontwikkeling word beheer deur die ...

A brein.
B rugmurg.
C sentrale senuweestelsel.
D onwillekeurige spiere.

1.9 Bowlby se duidelike gehegtheidsfase (clear-cut attachment phase) vind plaas gedurende die ouderdom van …

A agt maande tot twee jaar.
B ses weke tot agt maande.
C vier maande tot een jaar.
D drie jaar tot ses jaar.

1.10 Fowler se laaste fase van geestelike ontwikkeling staan bekend as ...

A globalisering.
B universalisering.
C nasionalisering.
D begrip.

1.11 Die Nasionale Kwalifikasieraamwerk is onderhewig aan die gesag van …

A KKVUs.
B UMALUSI.
C SAKO.
D ontwikkelingsuitkomste.

1.12 … onderwys is nie ’n kenmerk van UGO nie.

A Holistiese
B Behoefte-gebaseerde
C Inklusiewe
D Gefragmenteerde

1.13 UGO het ten doel om seker te maak dat leerders hulle volle potensiaal bereik en toegerus is vir … leer.

A sosiale
B lewenslange
C deelnemende
D mededingende

Kopiereg voorbehou

1.14 Hierdie kwalifikasie word behaal op vlak 5 op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk:

A Honneursgraad
B Hoër sertifikaat
C Nagraadse diploma
D Baccalaureus-graad

1.15 … leer verwys na die verpligte noodsaaklike vakke wat geneem moet word om ’n spesifieke kwalifikasie te voltooi.

A Verkose
B Fundamentele
C Kern
D Konseptuele

1.16 As leerders met spesiale behoeftes en leerders sonder spesiale behoeftes in dieselfde klas geplaas word, sal hulle leer om meer ... teenoor mekaar te wees.

A verdraagsaam
B emosioneel
C vreesloos
D beledigend

1.17 Daniel Goleman se Emosionele Bevoegdheidsraamwerk word ingedeel in ... en sosiale bevoegdheid.

A kollektiewe
B gesamentlike
C wederkerige
D persoonlike

1.18 Vygotsky het geglo dat ... ouers help om kennis na hulle kinders oor te dra.

A straf
B teregwysing
C taal
D raas

1.19 Selektiewe ... is ’n kognitiewe geestesaktiwiteit.

A gehoor
B aandag
C opleiding
D kondisionering

1.20 … intelligensie vloei, beweeg en verander.

A Vloeibare
B Sosiale
C Veelvuldige
D Algemene

(20 × 1) **[20]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

2.1 Kies ’n stadium van Erikson se sielkundig-emosionele ontwikkeling uit KOLOM B wat pas by ’n beskrywing van die konflik in KOLOM A. Skryf slegs die vraagnommer (2.1.1–2.1.18) in die ANTWOORDBOEK.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1.1	Inisiatief versus skuld	A	vroeë kinderjare
2.1.2	Intimiteit versus isolasie	B	adolessensie
2.1.3	Generatiwiteit versus self-absorpsie	C	laat volwassenheid
2.1.4	Outonomie versus skaamte	D	primêre skool jare
2.1.5	Identiteit versus rolverwarring	E	middel volwassenheid
2.1.6	Arbeidsaamheid versus minderwaardigheid	F	kleinkinderjare
2.1.7	Integriteit versus wanhoop	G	jong volwassenheid
2.1.8	Vertroue versus wantroue	H	voorskooljare

(8 × 1) (8)

2.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.12) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

2.2.1 ’n Ander woord vir plagiaat is om te kopieer.

2.2.2 Die struktuur van ’n beredeneerde argument begin altyd met ’n inleiding.

2.2.3 Klassifikasie is ’n voorbeeld van kritiese denke.

2.2.4 ’n Student kan nie eintlik ’n SWOT ontleding in die ware lewe toepas nie.

2.2.5 Vooroordeel is ’n stelling van waarheid oor alle lede van ’n groep.

2.2.6 Paulo Freire se Vier Oop Vrae word onder die volgende opskrifte gegroepeer: neem waar, ontleed, voorspel en stel voor.

2.2.7 Die 'Maar Waarom'-metode staan ook bekend as die gevolgeketting.

2.2.8 Ontwikkelingsuitkomste bevorder kulturele sensitiwiteit.

2.2.9 Kritieke uitkomste handel oor die moraal en waardes van ’n persoon.

2.2.10 Kritiese denke is om aan dinge op ’n manier te dink wat onbevooroordeeld en nadenkend is.

2.2.11 ’n Geslote vraag lei tot kritiese denke oor inhoud.

2.2.12 Sterkpunte en swakhede is deel van die eksterne omgewing.

(12 × 1) (12)

[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Kies EEN term uit die lys hier onder vir elk van die volgende beskrywings en skryf dit langs die vraagnommer (3.1–3.20) in die ANTWOORDBOEK.

Grondwet; stimuli; entrepreneur; holisties; SAKO; vermydend; hindernisse; graad R; relatief; inklusief; TVOO; beloning; senuwees; sosiale kontrak; HOO; HNKV; twyfel-en-glo-speletjie; onderlinge kontrak; SWOT; intrapreneur; kleinkinderjare; EK; SpQ; verdra; eksklusief; vyf Ws en 'n H; graad RR

3.1 Ongeskrewe kontrak tussen mense om billikheid in die gemeenskap te handhaaf

3.2 Peter Elbow se metode om kritiese denke te vra

3.3 Metode wat verslaggewers gebruik om bewyse in te samel

3.4 'n Persoon wat sy/haar eie besigheid begin

3.5 Babas wat selfvertroue het en onafhanklik voorkom omdat hulle nie aan hulle ma's vasklou nie omdat hulle nie 'n gehegtheid gevorm het nie

3.6 Goleman se vyf domeine

3.7 Volgens Bowlby sal leerders wat nie 'n gehegtheid tydens ... gevorm het nie, dit moeilik vind om later in hulle lewens romantiese verhoudings te vorm.

3.8 Moraliteit beteken verskillende dinge vir verskillende mense; dus is moraliteit ...

3.9 In Fowler se tweede stadium van geestelike ontwikkeling leer kinders deur die stelsel van straf en …

3.10 Kurrikulum wat ná Kurrikulum 2005 geïmplementeer is.

3.11 Faktore wat leerders verhoed om doeltreffend te leer.

3.12 Hierdie dokument waarborg elke burger se basiese regte.

3.13 Berei leerders voor vir Graad 1

3.14 Tipe leer wat belangriker is as om individuele doelwitte te bereik

3.15 Raad wat die ontwikkelingsuitkomste identifiseer

3.16 Band waaronder NSB op die NKR struktuur val

3.17 Goeie sosiale vaardighede beteken mense moet in staat wees om ander te ...

Kopiereg voorbehou

3.18 Dra inligting van die organe na die brein

3.19 Verskaf deur omgewingskontroles om beweging te lei

3.20 Onderwys wat leerders met spesiale behoeftes toegang gee tot dieselfde onderwysstelsel as kinders sonder spesiale behoeftes

(20 × 1) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B

VRAAG 4

Intelligensiekwosiënt is belangriker as emosionele kwosiënt.

4.1 Stem jy saam met bogenoemde stelling? (1)

4.2 Gee 'n rede vir die antwoord op VRAAG 4.1. (2)

Bestudeer die volgende scenario en beantwoord die vrae.

Harry is 'n baie intelligente sewejarige seun wat gebore is met verlamming in albei bene. Aan die einde van laas jaar het sy ma vir hom aansoek gedoen om graad 1 by Lelethu Openbare Skool in te skryf. Die hoof van die skool het na Harry se aansoek gekyk, gesien dat hy in 'n rolstoel is, sy aansoek afgekeur en voorgestel dat hy 'n skool vir leerders met spesiale behoeftes bywoon.

4.3 Is die hoof van Lelethu Openbare Skool geregtig om Harry se aansoek af te keur oor sy gestremdheid? (1)

4.4 Staaf jou antwoord op VRAAG 4.3. (2)

4.5 Noem VYF maniere waarop Witskrif 6 inklusiewe onderwys ondersteun.

(5 × 2) (10)

4.6 Noem VIER voordele van Witskrif 5. (4)

[20]

VRAAG 5

Bestudeer die stelling en beantwoord die vrae.

Jean Piaget was ’n Switserse sielkundige wat geglo het dat kinders deur duidelike stadiums van kognitiewe ontwikkeling gaan totdat hulle denke dié van ’n volwassene word.

5.1 Noem Piaget se VIER stadiums van kognitiewe ontwikkeling. (4)

5.2 Identifiseer Piaget se stadiums van kognitiewe ontwikkeling in elk van die volgende scenario’s deur slegs die stadium langs die vraagnommer (5.2.1–5.2.6) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

5.2.1 Lutho verstaan dat 4 + 2 = 6 maar verstaan nie dat 6 – 4 = 2.

5.2.2 Caryn is ’n ses-maande-oue baba en sit enige voorwerp in haar mond.

5.2.3 As ’n 15-jarige graad 9 leerder weet Jenny dat sy vir haar komende eksamen moet studeer om onnodige stres en angstigheid te verhoed.

5.2.4 Die leerders in Mev Smith se graad 2-klas is baie mededingend oor akademiese werk omdat hulle altyd vergelyk wie se toetspunte die beste is.

5.2.5 Op nege maande kan Kevin ’n laken oplig om ’n speelding te kry wat onder die laken weggesteek is.

5.2.6 Benjamin is ’n graad 4-leerder en verstaan dat 8 – 5 = 3.

5.2.7 Kuhle is ’n hoërskool leerder en verstaan dat musiek haar aandag aftrek terwyl sy studeer en dus verkies sy om in ’n stil omgewing te studeer.

(7 × 1) (7)

5.3 Fowler het sewe stadiums van geestelike ontwikkeling geïdentifiseer.

Kies ’n beskrywing uit KOLOM B wat pas by elke stadium in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (5.3.1–5.3.7) in die ANTWOORDBOEK.

KOLOM A		KOLOM B	
5.3.1	Oer- of ongedifferensieerde geloof stadium	A	Gcobani besluit om sy spiritualiteit verder te ondersoek om die waarheid agter sy godsdienstige oortuigings te verstaan.
5.3.2	Intuïtiewe-projektiewe geloof stadium	B	Mary besef dat sy nie net op haar eie oortuigings kan fokus nie, maar daarop moet begin fokus om ander mense ook te help.
5.3.3	Mitiese-letterlike stadium	C	Mark is in die adolessente stadium en wil sy godsdiens gebruik om sy morele waardes en geloof te versterk.
5.3.4	Sinteties-konvensionele stadium	D	Matthew word in ’n huis gebore waar hy versorg word en liefde ontvang en hy gee daardie selfde vertroue aan die goddelike.
5.3.5	Individuatiewe-reflektiewe stadium	E	Mense soos Moeder Teresa het hierdie stadium bereik omdat hulle hul hele self wil gee om hierdie wêreld ’n beter plek te maak.
5.3.6	Konjunktiewe geloof stadium	F	Vierjarige Allen het ’n lewendige verbeelding en word maklik deur geestelike konsepte beïnvloed.
5.3.7	Universalisering geloof stadium	G	Candice glo dat die goddelike ’n persoon met fisiese menslike kenmerke is.

(7 × 1) (7)

5.4 Definieer die term *kognitiewe ontwikkeling*. (2)

[20]

VRAAG 6

6.1 Kyk na die prent, lees die stelling en beantwoord die vrae.



Sosiale intelligensie word omskryf as om slim te wees oor verhoudings, vriende te maak en met ander mense om jou in wisselwerking te tree.

[Bron: *www.google/images.co.za*]

6.1.1 Beeld die meisie in die prent sosiale intelligensie uit? (1)

6.1.2 Staaf die antwoord op VRAAG 6.1.1. (2)

6.1.3 Gee VIER voorbeelde van sosiale vaardighede wat kinders kan ontwikkel wanneer hulle in interaksie met hulle portuur is. (4 × 2) (8)

6.1.4 Gee VIER maniere waarop 'n opvoeder 'n kind kan help om sosiale vaardighede in die klaskamer te ontwikkel. (4 × 2) (8)

6.2 Definieer die term *intelligensie*. (1)

[20]

VRAAG 7

SWOT ontleding is 'n hulpmiddel wat gebruik word om mense aan te moedig om vrae te vra oor hulle sterkpunte, swakhede, geleenthede en bedreigings. Wanneer 'n SWOT ontleding gedoen word, moet die interne en eksterne omgewing in aanmerking geneem word.

7.1 Verduidelik elk van die volgende terme:

7.1.1 Interne omgewing

7.1.2 Eksterne omgewing

(2 × 2) (4)

7.2 Trek die volgende SWOT diagram in die ANTWOORDBOEK af en pas elke stelling (A-L) by die relevante opskrif. Skryf slegs die letter (A-L) onder die relevante opskrif.

STERKPUNT	**SWAKHEID**
(3)	(3)
GELEENTHEID	**BEDREIGING**
(3)	(3)

A My tydsbestuursvaardighede is swak omdat ek altyd laat is vir werk.

B Ek het die nodige kwalifikasies om aansoek te doen vir 'n pos as 'n onderwysersassistent.

C Die kollege waar ek my kwalifikasies behaal het, het aangebied om vir my te betaal as ek verder wil studeer.

D Baie mense met beter kwalifikasies kan vir dieselfde pos aansoek doen.

E Ek is by my vorige werkplek weg omdat hulle personeel moes verminder as gevolg van 'n afname in leerders.

F Om leerders met lekkergoed om te koop, is beskou as my negatiewe werkgewoonte.

G Ek is veeltalig en in staat om in drie tale te kommunikeer.

H My werkgewer laat my toe om ekstra ure te werk.

I Ek is bereid om fondsinsameling te doen om toerusting vir die skool te koop.

J Die skool is ver van my huis af en dus moet ek op openbare vervoer staat maak om by die skool te kom.

K Ek het 'n gebrek aan selfvertroue om voor groot groepe mense te praat.

L Ek is baie hardwerkend en hoogs gemotiveer. (12)

7.3 Uit die vrae hier onder, identifiseer VIER oop vrae en skryf die relevante letter (A–H) van die oop vrae in die ANTWOORDBOEK.

A In watter jaar is jy gebore?

B Waarom is dit belangrik om goeie sosiale vaardighede te hê?

C Wat is vandag se datum?

D Waarom was jy nie gister by die skool nie?

E Wat is jou mening oor ons president se toespraak van gisteraand?

Kopiereg voorbehou

F Hou jy van inkopies doen?

G In watter land in jy gebore?

H Wat is jou planne vir die toekoms?

(4 × 1) (4)
[20]

VRAAG 8

Daar is sewe kritieke kruis-veld uitkomstes (KKVUs) wat so genoem word omdat dit kritiese denke beklemtoon en vir alle studente oor alle studie-areas heen geld.

8.1 Noem EEN gepaste KKVU vir elk van die volgende aktiwiteite:

8.1.1 Sam en sy spanmaats het verdien om die trofee te wen omdat hulle vandag ’n brillante sokkerwedstryd gespeel het.

8.1.2 Die Khanya TVOO-kollege het besluit om ’n herwinningsprojek in hulle gemeenskap te begin om ’n skoner omgewing tydens die Covis-19-pandemie te skep.

8.1.3 Brenda se Engelse aanbeiding was uitstekend, wat aantoon dat sy in staat is om doeltreffend te kommunikeer deur taalvaardighede te gebruik.

8.1.4 Alle Onderwys en Opleiding Vlak 2 studente moet navorsing oor die ontslape president Nelson Mandela doen en krities evalueer hoe Suid-Afrika se toekoms verander het.

8.1.5 Khanyisa het ’n studierooster vir haarself vir die komende eksamen opgestel om ewe veel tyd aan elke vak te bestee.

8.1.6 Sesethu is in staat om haar wiskunde-probleme op ’n kreatiewe manier sonder die hulp van haar opvoeder op te los.

(6 × 2) (12)

8.2 Definieer elk van die volgende terme:

8.2.1 Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR)

8.2.2 Diagnostiese assessering

8.2.3 Gemeenskap

8.2.4 Keurleer

(4 × 2) (8)
[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 9

9.1 Die Minister van Hoër Onderwys, Wetenskap en Innovering het verklaar dat alle TVOO-studente uniforms moet dra.

Bied ’n geskrewe argument ten gunste van of teen die gegewe onderwerp deur elk van die volgende opskrifte te gebruik:

9.1.1 Inleiding (2)

9.1.2 Sleutelvraag (2)

9.1.3 Doel (2)

9.1.4 Argument teen/ten gunste van die onderwerp (3)

9.1.5 Afsluiting (3)

9.1.6 Aanbevelings (2)

9.2 Die taal wat jy in ’n argument gebruik, kan help om ’n gehoor van jou standpunt te oortuig. ’n Logiese, goed nagevorsde argument met verwysings kan dalk nie die gehoor oorreed as oorredende taal nie gebruik word nie.

Gee ’n kort beskrywing van elk van die volgende tipes oorredende taal:

9.2.1 Retoriese vraag

9.2.2 Emotiewe taal

9.2.3 Vergroting

(3 × 2) (6)
[20]

VRAAG 10

Bestudeer die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Mev Ndzala is ’n opvoeder by Sunshine Primêre Skool wat glo dat haar leerders leë houers is wat met kennis gevul moet word. Haar leerders moet passief in haar klas sit en die inligting absorbeer wat sy hulle meedeel. Papegaaileerwerk is haar gunsteling-onderrigmetode waardeur haar leerders die inligting wat hulle ontvang woord-vir-woord moet herhaal. Assesserings word net een keer ’n jaar in haar klaskamer gedoen. Gebaseer op die resultate word leerders na die volgende vlak bevorder of gevra om die graad te herhaal.

Mev Khumalo, ook ’n opvoeder by ’n Sunshine Primêre Skool, glo dat haar leerders die belangrikste deel van die onderrig- en leerproses is. Leerders is aktief betrokke in die klaskamer en kan hulle sienings en menings uitspreek. In haar klas word van leerders verwag om verantwoordelikheid vir hulle eie leer te aanvaar en hulle werk te verstaan. Leerders word ook toegerus met belangrike vaardighede, waardes en ingesteldhede wat hulle in die lewe ná skool kan gebruik. Assessering is ’n deurlopende proses deur die hele jaar en gebaseer hierop word hulle na die volgende vlak bevorder.

10.1 10.1.1 Watter onderwyser se klas sal die minste ontwrigtend wees? (1)

10.1.2 Staaf jou antwoord op VRAAG 10.1.1. (2)

10.1.3 Noem die onderrigmetode wat Mev Ndzala gebruik. (1)

10.1.4 Staaf die antwoord op VRAAG 10.1.3 deur EEN sin uit die scenario aan te haal. (2)

10.1.5 Watter opvoeder fasiliteer holistiese ontwikkeling in haar klas? (1)

10.1.6 Staaf die antwoord op VRAAG 10.1.5 deur EEN sin uit die scenario aan te haal. (2)

10.2 Noem TWEE belangrike vaardighede, waardes en ingesteldhede wat hulle saam met hulle in die wêreld van werk kan saamneem. (2)

10.3 ’n Hindernis tot leer is enigiets wat in die pad staan dat ’n kind doeltreffend kan leer en kan óf intrinsiek óf kontekstueel (ekstrinsiek) wees.

10.3.1 Definieer die term *intrinsieke hindernis.* (2)

10.3.2 Definieer die term *kontekstuele hindernis*. (2)

10.4 Dui aan of die volgende scenario's intrinsiek of kontekstueel is deur slegs 'Intrinsiek' of 'Kontekstueel' langs die vraagnommer (10.4.1–10.4.5) in the ANSWER BOOK te skryf.

10.4.1 Studente by Langebaan TVOO-kollege studeer in Afrikaans as medium van instruksie.

10.4.2 James kom elke dag honger skool toe omdat albei sy ouers werkloos is.

10.4.3 Abongile se onderwyser is baie bekommerd oor sy konstante afwesigheid, veral toe sy ontdek dat hy fisies mishandel word deur sy stiefpa.

10.4.4 Sashen is 'n graad 7-leerder in 'n rolstoel vir wie dit moeilik is om haar situasie te hanteer.

10.4.5 Parkside TVOO-kollege ly voortdurend onder studentestakings wat studente se vordering belemmer.

(5 × 1) (5)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 140
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou